Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Onderwys

Back on Track

| VAK | BESIGHEIDSTUDIES | PRE-TOETS SESSIE NR. | 1 | DATUM | 1 MAART 2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| ONDERWERP | WETTE VAN MENSLIKE HULPBRONNE FUNKSIE | TYD | 15 MIN | PUNTE | 20 |
| GRAAD | 12 | VAN | | NAAM | |

| INSTRUKSIES: | |
|---|---|
| | • Beantwoord AL die vrae op die TOETS DBLAD wat verskaf word.<br>• Daar is net EEN korrekte antwoord vir elke vraag.<br>• Lees die instruksies/vrae aandagtig deur.<br>• Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee.<br>• Kies die korrekte antwoord en OMKRING die toepaslike LETTER (A–D). |

1. **DT Boekhouers implementeer die ... om regstellende aksie in die werkplek te bevorder.**
   A. Wet op Vaardigheidsontwikkeling
   B. Wet op Arbeidsverhoudinge
   C. Wet op Gelyke Indiensneming
   D. Wet op Basiese Diensvoorwaardes

2. **Een manier waarop Retha Kleinhandelaars die Wet op Gelyke Indiensneming kan nakom, is om ...**
   A. werknemers gelyk te betaal vir werk van gelyke waarde.
   B. werkers onregverdig te behandel op die grond van diskriminasie.
   C. werkers verskillend te vergoed vir werk van dieselfde waarde.
   D. die indiensneming van 'n persoon te weier weens sterk kulturele oortuigings.

3. **Lishe is geregtig op 6 weke betaalde ...-verlof binne 'n tydperk van 36 maande volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.**
   A. jaarlikse
   B. kraam
   C. siek
   D. gesin-verantwoordelikheids

4. **Die ... het 'n implikasie op die menslike hulpbronfunksie omdat dit vereis dat 'n Diensbillikheidsplan opgestel en gemonitor moet word.**
   A. Wet op Arbeidsverhoudinge
   B. Wet op Basiese Diensvoorwaardes
   C. Wet op Gelyke Indiensneming
   D. Wet op Vaardigheidsontwikkeling

5. **SOOO (SETA) ondersteun die implementering van ...**
   A. Wet op Arbeidsverhoudinge.
   B. Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
   C. Wet op Gelyke Indiensneming.
   D. Wet op Vaardigheidsontwikkeling.

6. **Die Nasionale Vaardigheids-ontwikkelingstrategie (NVOS) ...**
   A. hanteer dispute vir die Arbeidshof.
   B. is ‘n vakbond.
   C. spreek vaardigheid tekorte in die SA werkplek aan.
   D. verhoog toegang tot programme wat mense oplei.

7. **Die bestuur van Maya Vervaardigers is met ‘n ... uitgereik omdat hulle nie aan die WGI in die werkplek voldoen het nie.**
   A. nakomingsbevel
   B. besigheidslisensie
   C. SAID belasting nakomingsertifikaat
   D. Finansierings toelaag

8. **Volgens WBDV mag Suikervars Bakkery se werknemers nie meer as ... uur per week werk nie.**
   A. 35
   B. 36
   C. 45
   D. 40

9. **Die SETAs word befonds deur werkgewers wie se salarisrekening R500 000 per jaar oorskry, ... van hul jaarlikse salarisse as ‘n heffing betaal.**
   A. 1.5%
   B. 1%
   C. 2%
   D. geen

10. **Ballon Partytjies se Menslike Hulpbronbestuurder moet werkers toelaat om aan vakbonde te behoort soos dit uiteengesit is in ...**
   A. Wet op Arbeidsverhoudinge.
   B. Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
   C. Wet op Gelyke Indiensneming.
   D. Wet op Vaardigheidsontwikkeling.

10 x 2 [20]